

# PAARL-SKOOL
## NUUSBRIEF 1/2022

# PAARL SCHOOL
## NEWSLETTER 1/2022

FIDE ET AMORE

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

Skoolhoofde moet kwartaalliks 'n "hoofdeverslag" vir die Beheerliggaam saamstel. Ek het na Paarl-skool se sportprestasies verwys en die Latynse term "homo ludens" gebruik. Dit verwys na die mens as 'n "spelende wese". Vir meer as 2 jaar het skolesport doodstil gestaan. Dit is nou besig om stuk-stuk terug te keer na normaal en ons by Paarl-skool is getuies hiervan. Ek verwys na ons eie atletiek, swemgala en sport periodes op Donderdae.

Ek wil egter verder gaan as dit. In my studies in Opvoedkunde en veral Remediërende Onderwys, het ons algemeen verwys na vrye spel, informele spel en ontdekkingspel.

Hierdie tipe spel is verbind aan die algehele ontwikkeling van die kind. Selfs ons mees fisies gestremde leerders neem ook deel aan vrye spel, natuurlik aangepas by elkeen se vermoë.

As 'n oupa kan ek my verkyk aan die vrye spel van my (en ander) se peuters en kleuters en hoe hulle ontdek deur vrye spel. (Interessant om te sien hoedat hulle onuitputlike energie het!)

Wat 'n voorreg is dit om in 'n veilige en stimulerende omgewing groot te word – dit is só jammer dat almal nie hiervoor beskore is nie.

Dalk lees u hierdie artikel en besluit om te help om omgewings in en om u woonplekke, weer ontdekkingsplekke te maak vir ons kinders! Sandputte, swaaie, gras en veilige ruimtes.

As dit moontlik is, speel saam met u kind!

Groete
Stoffel Kruger






Lené Lawrence



Alexander Clemitson

## Hoofleiers

### EERSTE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*

# Prefekte 2022

## Leierskapkamp

Die 2022  prefekte het die naweek van 28 en 29 Januarie hul leierskapkamp by Paarl-skool gehad. Elke leerder was uitgedaag om hulself oop te maak vir groei en ontwikkel. Al het van die leierskapaktiwiteite hulle uitgedaag, het hulle steeds alles geniet. Hulle is beslis gereed vir al die groeigeleenthede in 2022. Ons sien uit daarna om te sien hoe elke prefek vanjaar hul drome sal verwesenlik en volle potensiaal sal bereik!











## Valentynsdagprojek

Paarl-skool se leerders het hiérdie kwartaal met nie-bederfbare produkte betaal om op Valentynsdag gewone klere aan te trek. Kospakkies is gepak om uit te deel in skole in die gemeenskap waar daar groot behoefte is. Paarl-skool se prefekte wil graag elke ouer/ voog/ leerder en personeellid bedank wat 'n skenking gemaak het vir die Valentynsdagprojek. Te danke aan almal se vrygewigheid kon ons kospakkies aan talle minder bevoorregte gesinne voorsien vir die vakansie. Die geheim om verandering mee te bring is om iewers te begin!



# Wêreld Biddag vir Vroue

Op 4 Maart 2022 het die meisies en dames personeel saam met ander vroue en meisies regoor die wêreld saamgekom om te bid vir die mense in Wallis, Engeland en Noord-Ierland. Die meisies in Gr.3E, hul juffrou Lente Cloete en Candice Da Rocha (fisioterapeut) het die boodskap op 'n praktiese wyse met almal gedeel. Ons is almal seepbelle gevul met lug wat rondsweef om die lewe gelukkig en lekker te maak. Net so vul die gees van God ons en beplan voorspoed vir elkeen. Al wat ons moet doen is om asem te haal en gevul word met Sy gees.
Jeremia 29:11 en Job 33:4





# Sport Hoogtepunte

## Kleuresport

Dit was fantasties om weer 'n semi-normale atletiekbyeenkoms te hou. Op 3 en 4 Februarie het die Rooi- en Blou-spanne met ywer teen mekaar meegeding. Die opgewondenheid was groot en daar het die goeie sportmangees geheers! Die atlete het hul bes gedoen ten spyte van die reën en wind en uitstekende resultate behaal. Dankie aan die ouers, grootouers en vriende wat ons atlete kom ondersteun het. Baie dankie aan die Paarl-skool personeel vir hulle harde werk en toewyding. Baie geluk aan die Blou-span wat vir die derde agtereenvolgende jaar gewen het. Welgedaan!



| KLEURESPORT BEKERWENNERS | |
|---|---|
| **LSOB ATLETE** | |
| Mini atleet van die dag Meisies O/8 - O/10 | Lia van der Merwe |
| Mini atleet van die dag Seuns O/8 - O/10 | Pieter Venter |
| Junior Victrix Ludorum O/11 - O/12 | Kiara Swartz |
| Junior Victor Ludorum O/11 - O/12 | Wikus Matthee |
| O/13 & O/14 Seun | Yusuf Hannibal |
| O/15 Seun | Libu Tongo |
| Senior Seun O/16 – O/18 | Matthew Sadoucas |
| Beste Langafstand Seun | Libu Tongo |
| Beste Langafstand Dogter | Thalita Myburgh |
| Beste Senior Veldatleet Seun | Matthew Sadoucas |
| Beste Senior Veldatleet Dogter | Lené Lawrence |
| Beste Gewigstoot | Johannes Vosloo |
| Senior Victrix Ludorum | Thalita Myburgh |
| Senior Victor Ludorum | Yusuf Hannibal |
| **PARASPORT** | |
| Seuns O/8 - 12 | AJ Windvogel |
| Dogters O/8 - 12 | Shakeena Onverwacht |
| Seuns O/13 - 15 | Onele Songelwa |
| Dogters O/13 - 15 | Lyn-Neigh Spagenberg |
| Seuns O/16 - 18 | Tylor Buis |
| Dogters O/16 - 18 | Taylor Fabrick |
| Victrix Ludorum | Lyn-Neigh Spagenberg |
| Victor Ludorum | Onele Songelwa |
| **WENSPAN** | **Blou** |













## Driehoek Atletiek Interskole

Ons jaarlikse Driehoek Atletiek Interskole het plaasgevind op Saterdag 19 Februarie 2022. Die skole wat teen mekaar meegeding het was Tafelberg, Vista Nova en Paarl-skool.
Geluk aan:
**Mikayla Cloete:** Beste Meisie O/14 en Junior Victrix Lodorum
**Yusuf Hannibal:** Beste Seun O/14 en Junior Victor Lodorum
**Carla Fieties:** Beste Meisie O/15
**Dominic Windvogel:** Beste Seun O/15
**Thalita Myburgh:** Beste Meisie O/16 and Senior Victrix Lodorum
**Matthew Sadoucas:** Beste Seun O/16
**Lené Lawrence:** Beste Meisie O/17



# LSOB Atletiek Kampioenskappe

Die Paarl-skool atlete het goed gevaar by die Weskaap LSOB Atletiek Proewe en saam 8 medaljes verower!



**Kiara Swartz**
Hoogspring: goud



**Kalista Earley**
100m: brons
200m: brons



**Wikus Matthee**
200m: silver



**Yusuf Hannibal**
Diskus: goud
Gewigstoot: brons



**Dominic Windvogel**
Hoogspring: brons



**Mikayla Cloete**
100m: goud
200m: goud

Hierdie atlete het deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Hoërskool en LSOB Atletiek Kampioenskappe wat vanaf 15-18 Maart 2022 in Germiston gehou is. Yusuf Hannibal het 'n goue medalje in diskus O/15 gewen met 'n afstand van 32,64m en Mikayla Cloete het goud in die 100m en silver in die 200m gewen. Paarl-skool is baie trots op hulle! Dankie aan me. Ronel van Dijk en mnr. Tiaan Koch wat die leerders vergesel het.






# Swemgala

Donderdag, 24 Februarie was weer 'n hoogtepunt op ons sportkalender toe baie leerders aan ons jaarlikse swemgala deelgeneem het. Baie dankie aan elke leerder wat met goeie sportmangees van hierdie geleentheid 'n groot sukses gemaak het. Paarl-skool is trots op julle! Dankie aan elke personeellid en ouer wat ons so entoesiasties ondersteun het!

Baie geluk aan die volgende leerders:
**Zander Nagelmaker:** Junior Victor Ludorum
**Kiara Swartz en Tationa Kock:** Junior Victrix Ludorum
**Joalet Viljoen:** Parasport Victrix Ludorum
**Chase Winshaw:** Parasport Victor Ludorum
**Dylan de Jager:** Senior Victor Ludorum
**Mariet Gerber:** Senior Victrix Ludorum
Die **Rooi-span** was die wenspan met 195 punte.





# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Vrydag, 4 Maart was 'n baie besonderse dag in die Voorskoolse Fase, want vir die eerste keer het die sandput verjaar! Ballonne, versierings en geskenke het groot opwinding by die kinders ontlok. Heerlike roomys en skyfies vir die leerders het die dag op 'n hoë noot afgesluit! Ons sê baie dankie aan ons ouers vir die geskenke wat die sandput ontvang het.







## Grondslagfase

Op Vrydag 11 Februarie het die Grondslagfase hul jaarlikse pretgala gehou. Die kinders was baie opgewonde en kon nie wag om in die water te klim nie! Die kinders het hulle in die swembad geniet met hoepels, bordjies en swembadnoedels. Die water het gespat en die pretgala het sowaar gesorg vir hope pret en plesier. Dankie aan almal wat gehelp het om hierdie dag vir ons kinders spesiaal te maak.








## Funksionele Fase

My hartjie, my liefie...

Maandag 14 Februarie 2022 was beslis nie ‘n blou Maandag by Paarl-skool nie. Dit was net rooi hartjies, Lindt sjokolade, rooi rose en foto’s. Juffrou Chané van de Venter het twee pragtige foto-stalletjies vir Valentynsdag opgestel en Juffrou Marietha en haar man Oom Nico Ras het die mooiste foto’s geneem van soene wat geblaas word en liefdevolle glimlaggies.
By Paarlskool sit en wag ons nie vir die liefde om na ons toe te kom nie, hier vier ons die liefde in al sy pragskakerings. Hier is oorgenoeg liefde vir almal!







## Intermediêre Fase

Vir die leerders in die Intermediêre Fase was dit 'n besige, lekker en interessante kwartaal. In Gr.4 het ons ontkieming van sade en kweek van plante d.m.v. steggies ondersoek. In Gr.5 het die leerders met kleur en patrone in die ruimte geëksperimenteer. Die Gr.6'e het geleer om Wiskunde toe te pas deur 3D geometriese ruimtevuurpyle te bou. Pacman het ons denke ook behoorlik aan die gang gesit.











## Werksvoorbereiding



WVB 4 deel hulle kultuur met mekaar. Khoi San is lief vir dans. Engelse dames hou van hulle tee met heerlike toebroodjies. Moslems is getrou aan die praktyke van hul godsdiens. Indiërs geniet sterk gegeurde kos met 'n branderige byt en soet lekkernye.

**Ons eenheid is ons krag, en ons diversiteit is ons mag.**
**- Kamala Harris -**

## Senior Fase

Die Senior Fase het die begin van die nuwe jaar met baie entoesiasme begin. ‘n Vrolike boog blou ballonne het die Gr. 7’s hartlik op hul eerste dag in die Senior Fase verwelkom. Ons sien uit na wat hulle alles in hul tyd in dié fase gaan vermag.

Die temaborde in die gang is tans almal in die proses om oorgedoen te word. Die bord waar ons Pêrel van die week foto’s geneem word se nuwe prent trek veral nou baie aandag.

As deel van die Tegnologie kurrikulum moet die leerders 3D-skuinstekeninge voltooi. Dit is inspirerend om te sien hoe leerders in ons konteks hierdie taak aanpak. Danika Van Nieuwenhuizen het byvoorbeeld haar uitstekende tekening van ‘n spuit met haar Eyegaze-toestel geskep.







# Ondersteuningspan

## Uitreik na Laerskool Swartland

Op 18 Januarie vertrek 'n bus met 11 terapeute en leerondersteuners Malmesbury toe om opvoeders van Laerskool Swartland te ondersteun. Fasiliteerders word opgelei, opvoeders in die Grondslag- en Intermediêre Fases kry hulp met die opstel van Individuele Ondersteuningsplanne vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes, leerondersteuners in die kring se vrae word beantwoord en 'n dinkskrum word gehou om assesseringsakkomodasies in die hoofstroom suksesvol uit te voer. Leerderprofiele word deeglik bestudeer, daar word hard gedink, baie gepraat en uitvoerbare planne word beraam om leerders te ondersteun. Na 'n lang dag van kennis deel is ons dankbaar vir 'n skool soos Paarl-skool waar leerders die geleentheid het om hulle potensiaal te bereik met ondersteuning wat soms vanselfsprekend aanvaar word. Ons besef weereens wat die uitdagings in hoofstroomskole is en dat opvoeders ongelooflike werk verrig. Die terugvoer van ons uitreik is positief en die kommentaar is dat opvoeders weer hoop vir die toekoms het en hulle waardeer die energie wat die span gebring het.





## Uitreik na Laerskool Brackenfell

Gepak en gewapen met al die toerusting wat ons nodig het vir gehoorsifting het Paarl-skool se drie spraakterapeute na Laerskool Brackenfell vertrek om hierdie uitreik te doen waaraan ons sedert verlede jaar beplan het. Op 15 en 16 Maart het ons 30 leerders se gehoor getoets. Goeie spanwerk en uitstekende organisasie was die resep vir sukses. Dankie aan almal betrokke by hierdie uitreik en veral aan die 2 spraakterapie studente van die Universiteit Stellenbosch wat hierdie jaar hul praktiese blok by Paarl-skool doen.




# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Die jaar het met 'n spoed begin en ons vertrou dat almal dit regkry om al hul verantwoordelikhede suksesvol te balanseer. Ons verwelkom nuwe ouers en glo dat u vinnig deel sal word van die Paarl-skool familie.

### Bly gekonnekteer

- Besoek die skool se webtuiste vir inligting by www.paarlskool.org.za
- Sluit aan by Paarl-skool en die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se Facebook.
- Help ons asseblief om te GROEI deur ons Facebook bladsye te "like" en "share" met vriende en familie.

### Projekte

Beplanning vir die 2022 PSOS projekte is reeds onderweg en ons vertrou dat hierdie jaar weer 'n suksesvolle en geseënde jaar vir Paarl-skool gaan wees.

Dagboek asseblief die volgende datums vir die 2022 PSOS projekte:

**18 Mei – Wynveiling by Eensgezind**

- Die tafels is tans beskikbaar teen R3200 per tafel (10 persone per tafel).
- Dit sluit wyn op die tafel en 'n driegang ete in.
- Individuele kaartjies is beskikbaar teen R320 pp.

**2 September – Loslitdag**

### Hoe om betrokke te raak

- Bied u hulp aan wanneer ons deur die loop van die jaar hande benodig by die PSOS-projekte.
- Beveel Paarl-skool aan as die begunstigde van jou maatskappy se Korporatiewe Maatskaplike Beleggingsinisiatiewe (KSI).
- Beveel jou kinders se hoofstroomskool aan om aan Loslitdag 2022 deel te neem en hul Loslitdag-plakkers by Paarl-skool te koop.
- Beveel jou besigheidskontakte aan by Paarl-skool Ontwikkelingstigting.
- Belangrikste - raak betrokke en besef dat jy nie alleen in jou kind se opvoedingsproses is nie!

Alle skenkings aan die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 100% belastingaftrekbaar. Paarl-skool is 'n 59% B-BBEE-voldoenende Sosio-Ekonomiese Ontwikkeling (SED) inisiatief en in ruil vir geldelike en in natura skenkings kan Paarl-skool punte op jou maatskappy se B-BBEE telkaart verskaf.

Paarl-skool groete

Martie Wilmot
Paarl-skool Ontwikkelingstigting